Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 27 November 1946. No. 3.

# Grootraad Oor Samewerking

**Die Grootraad van die Ossewabrandwag het verlede week in Johannesburg opnuut sy standpunt ten opsigte van samewerking in 'n besluit geformuleer. Dit lui:**

Die Grootraad van die Ossewabrandwag stel die Beweging se standpunt ten opsigte van samewerking met ander Nasionaal-geöriënteerde organisasies by die eerskomende verkiesing as volg:

1. Die O.B. verklaar homself bereid om tot enige volksverkiesingsfront toe te tree wat die beveiliging van blank Suid-Afrika nastreef.

2. Voorwaardes wat die O.B. aan ander samewerkende organisasies en persone stel, en wat hy hulle ook gun, is (a) behoud van elkeen se identiteit en beginsels, en (b) dat geen blanke organisasie of individu by voorbaat van hierdie samewerking uitgesluit is nie.

Vir hierdie samewerking eis die O.B. vir homself geen parlementêre setels nie.

3. Die O.B. is bereid om voorstelle tot sulke samewerking te ontvang.

**GEWERE WORD TERUG GEGEE:** Die Departement van Verdediging het te kenne gegee dat hy die teruggawe van die gewere en alle wapens wat aan die Departement oorhandig is en waarvoor geen vergoeding betaal is nie, wil bespoedig. Dit geld sowel die wapens wat vrywillig ingelewer is, as dié wat in 1940 opgeëis is. **Persone wat hulle gewere wil terug hê, moet voor 28 Februarie 1947 daarvoor aansoek doen by die Adjunk - Kwartiermeester - generaal, Oos-kamp, Voortrekkerhoogte. Waar moontlik, moet registrasienommers die aansoeke vergesel.**

## Volksdaad



**Mnr. en mev. Gottfried Rheeder van die plase My Annie en Geduld, Odendaalsrust, op wie se grond die opspraakwekkende goudfonds onlangs raakgeboor is, in vrolike stemming. Op mnr. Rheeder se naam is so pas 14,000 aandele (£3,500) in Perskor geregistreer. Hiermee het die huidige Perskor-veldtog vir die oprigting van 'n volkspers, 'n groot stoot vooruit gekry.**

# Voedsel Vermors In Kaapstadse Hawe

## Suiker Met Skopgrawe in die See Gegooi

***Groot hoeveelhede graan, suiker en meel gaan in die Kaapstadse hawe tot niet wanneer die skeepsladings, waarvan daar 'n toenemende stroom in Kaapstad aankom, van die skepe in die trokke en skure oorgelaai word. 'n Groot gedeelte van hierdie vernaamste voedsel word vernietig, ên word nie vir dierlike verbruik aangewend nie. Oral op die kaaie waar die graan afgelaai word, lê dit dik op die grond gesaai en word dit deur die arbeiders bymekaar gevee en met vuilgoedwaens weggery. Op een geleentheid is daar soveel suiker met die oorlaai vermors dat die naturelle-werkers dit met skopgrawe oor die rand van die kaai in die see gewerk het.***

Hierdie feite is aan die lig gebring deur 'n ondersoek wat 'n verteenwoordiger van Die O.B. by die dokke ingestel het. Dit het geblyk dat nieteenstaande die geweldige behoefte aan die genoemde lewensmiddele, dit tog vandag verspil word. In sommige gevalle geskied die vermorsing as gevolg van nalatigheid terwyl dit soms as gevolg van onvoorsiene omstandighede plaasvind.

Die koring, hawer, rog en mielies wat in Kaapstad afgelaai word, lê gewoonlik los in die ruim van die skip. Dit word dan met skepbakke wat aan die hyskrane gehak word, los in die trokke oorgelaai vanwaar dit dan na die graansuier in die omgewing van die hawe vervoer word. Dit gebeur ook soms dat die graan eers in sakke gegooi, en dan afgelaai word.

### DUBBELE HANDE

**Dit is met die oorskep van die graan uit die bote in die trokke, dat daar soveel vermors word. Graan sif gedurig op die grond sodat die hele omgewing daarmee besaai lê. Wanneer die graan met die trokke vervoer word, val dit gedurig deur die skeurtjies op die grond sodat mens op sommige plekke dubbele hande graan bymekaar kan skraap.**

**Dit word alles deur die arbeiders bymekaar gevee en met 'n vuilgoedwa tussen die ander vuilgoed weggegooi. Niemand mag soveel as 'n pit daarvan neem nie.**

Arbeiders wat betrokke is met die aflaai, beweer dat met elke trok wat volgelaai word, daar van een tot twee sakke graan verlore gaan. In die skure op die kaai loop mens op 't tapyt hawer en ander graan. Dit word deur die arbeiders fyn getrap sodat 'n groot deel daarvan verlore gaan. 'n Deel hiervan word na die graansuier vervoer, maar ondersoek toon dat dit nie meer vir verbruik geskik is nie. Geen arbeider mag van die graan wat weggegooi word, neem nie. Dit is 'n staande verbod.

Dit is 'n gebruik dat wanneer een soort graan klaar afgelaai is en 'n ander graansoort afgelaai word, die bietjie graan wat in die trokke oorgebly het sommer uitgevee word. Na aan Die O.B. verklaar is, is dit die gevolg van nalatigheid, omdat die naturelle wat by die oorlaai behulpsaam is, dikwels aan hulself oorgelaat word.

**Sedert daar groot hoeveelhede witmeel in die hawe aangekom het, het baie daarvan verlore gegaan. Die meel wat in linnesakke is, word opmekaar gestapel en met die hyskraan afgelaai. Dit gebeur dikwels dat die toue die sakke deursny en sodra dit dan deur die arbeiders opgetel word om dit reg te pak, skeur die sakke uitmekaar en die meel val op die grond. As gevolg van die drukte van die werk word daar nie weer na omgesien nie, en trap en vertrap die arbeiders dit eenvoudig totdat dit onbruikbaar is en weggegooi moet word.**

### MET SKOPGRAWE

In die afgelope maande is daar op die een kaai sowat 60,000 sakke suiker afgelaai. Arbeiders het aan Die O.B. verklaar dat daar soms van elke 1,000 sakke, honderde ponde suiker verlore gaan. Dit het in die afgelope weke gebeur dat as gevolg van die skeur van sakke daar op een dag soveel suiker gemors het dat die naturelle tot oor hulle skoene in die suiker gestaan het. Hulle is bewus dat hul nie daarvan mag neem nie en poog dus nie om dit te bewaar nie, maar trap en spuug eenvoudig daarop. Hierdie suiker is met grawe in die see gegooi — en dit wanneer die gewone verbruiker slegs 'n pond suiker in 'n week kan bekom.

Daar is 'n uitdruklike bevel dat geen arbeider enigiets wat vermors word, mag neem nie. Verklaar word dat indien dit toegelaat word, die arbeiders doelbewus die goedere met die aflaai sal mors. Nou word daar maar toegesien dat die vermorste graan en ander artikels weggegooi word.

'n Verteenwoordiger van Die O.B. het gepoog om 'n verklaring van die amptenare wat verantwoordelik is vir die aflaai van die skepe te kry. Hulle het geweier om 'n verklaring oor die vermorsing te doen omdat hulle opdrag het om geen onderhoud met die pers te hê nie. Ook van die bestuurder by die graansuier sowel as by die hawegoedere-superintendent kon geen verklaring verkry word nie.

### NIE TOEGEPAS

In 'n onderhoud het mnr. W. J. Carter, Afdelingsbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë in Kaapstad wat in hierdie verband genader is, verklaar dat hy nie bewus is van die vermorsing van die graan nie. Daar bestaan 'n reëling dat hierdie graan weer skoongemaak moet word en aangewend word vir voedsel vir diere of indien nog geskik, vir menslike verbruik. Blykbaar word hierdie regulasie nie toegepas nie, het mnr. Carter verklaar. Hy het belowe om ondersoek in te stel en toe te sien dat vermorsing nie voorkom nie. „Daar is te veel armes en mense wat honger ly dat toegelaat kan word dat voedsel verlore gaan," het hy gesê.

Die Departement van Landbou dra ook blaam vir die vermorsing omdat die vervoer en aflaai van graan in die dokke geskied volgens 'n reëling tussen die Landbou-Departement en die S.A.S. en Hawens.

**STYGING VAN LEWENSKOSTE:** Die lewenskoste was gedurende Oktober agt punte hoër as gedurende September, blykens die gegewens van die kantoor van Sensus en Statistiek.

# Afrikanerparty Nooi O.B. Om Kongres By Te Woon

***'n Uitnodiging van die Afrikanerparty om hul kongres by te woon is deur die Grootraad tydens sy sitting verlede week in Johannesburg ontvang. Die uitnodiging was vervat in 'n boodskap van die voorsitter van die party, genl. E. A. Conroy, en het as volg gelui:***

Genl. E. A. Conroy, voorsitter van die Afrikanerparty, stuur sy groete aan die Grootraad en nooi hulle baie dringend uit om die sitting van die Afrikanerparty-kongres in Bloemfontein by te woon. Hulle sal die reg hê om aan die besprekings deel te neem, maar nie reg hê om te stem nie. Alle goedgesindes is welkom.

Die Grootraad het by monde van die Kommandant-generaal as volg geantwoord op hierdie welwillendheidsgebaar:

Seer geagte Generaal, — Namens die Grootraad van die Ossewabrandwag wil ek u uitnodiging van die 21ste beantwoord en die Grootraad se waardering daarvoor betuig. Ons sien daarin geen poging om die O.B. by eventuele besluite van u kongres te kompromitteer nie, dog veelmeer 'n opregte stap om samewerking te bevorder tussen landgenote wat almal deur dieselfde gevare bedreig word.

**As hierdie gees van u ook by ander leiers navolging sou vind, sou ons volk nie so hopeloos in die woestyn moet dool nie.**

Ons aanvaar die uitnodiging in die goeie gesindheid waarin dit bedoel is, en het dr. P. J. Meyer versoek om u kongres namens die Ossewabrandwag by te woon. Die bedoeling is nie soseer dat hy aan die besprekings sal deelneem nie, daar hy die saak, besien vanuit die standpunt van die Ossewabrandwag, nie veel verder sal kan neem nie as wat blyk uit die gesaghebbende verklaring van die Grootraad oor samewerking, afskrif waarvan newensgaande vir u inligting aangeheg word.

Die hoofdoel van dr. Meyer se teenwoordigheid is om as bewys te dien dat u vriendelike uitnodiging ten seerste op prys gestel word.

# O.B.-Gedagte Voer Tot Oorwinning

## £600 Ingesamel In C6

**Die jaarlikse O.B.-dag-viering in generaalskap C6, onder bevel van generaal H. A. J. du Toit, het op 6 Augustus begin in Bethlehem. Die generaalskap het die voorreg gehad om by al die feesvierings generaal J. Vorster van Brakpan in sy midde te hê. Op Bethlehem het hoofkommandant D. J. Pitout, wat as voorsitter opgetree het, aan die begin van die verrigtinge die vlaghysing-seremonie laat uitvoer en daarna generaal H. A. J. du Toit aan die woord gestel.**

Generaal Du Toit het sy dank uitgespreek vir die vertroue wat die kommandorade in hom gestel het, deur hom vir 'n volgende dienstydperk aan te wys. „Dit beteken 'n volgende tydperk van werk. Werk — in 'n tyd van sogenaamde vrede, terwyl orals, ook in ons geledere



Genl. du Toit

verslapping ingetree het. Ons kan jammer wees daaroor, maar ons moet die feite onder die oog sien. Ek wil u net vra, is daar rede vir ons om te verslap? Voer ons dan nie 'n stryd vir die bestaan van ons volk nie en is hierdie stryd nie 'n geloofstryd nie? Natuurlik antwoord u daarop JA. Maar dan moet my volgende vraag wees of u dankbaar genoeg is dat u aan hierdie stryd mag deelneem, dat u lede mag wees van ons Volksbeweging — DIE OSSEWABRANDWAG — en dat u saam met u broers in daardie beweging die stryd mag voer teen die Empaaier en die Kommunisme en Kapitalisme?

**„Waar die Britsisme, met sy Partystelsel, net verdeeldheid bring, daar het u in die Ossewabrandwag 'n beweging waar ons mekaar nie meer as SAP en NAT ken nie. En dit is die gevaar wat die Empaaier in die Ossewabrandwag sien, dat na 45 jaar hierdie volk besig is om die partystelsel wortel en tak uit te roei.** Onbewus het ons hierdie stryd reeds gewen, volharding op die weg wat ons ingeslaan het sal die tasbare resultate bring. **Dit sal nie nodig wees dat die Ossewaentjie weer oor 90 jaar die volk moet wakker skud deur die klop van sy wiele nie. Die volk het na 45 jaar weer sy eie gevind, en al sou ook ons K.G. of ons A.K.G. van ons weggeneem word of wie ook al aan ons geledere ontval, die gedagte van die O.B. sal voortleef en u tot die oorwinning voer.**

„U het die gedagte van die O.B. reeds vir die laaste 6 jaar uitgeleef — u het u broers en susters nie in die stryd alleen gelaat nie. En as daar mense is wat twyfel daaromtrent uitspreek, kan hulle net aan die moeders, eggenotes en kindertjies van ons leër agter die doringdraad gaan vra. **En aan hulle wat vandag nog daar ly, belowe ons dat ons sal aanhou en uithou totdat die vyande vir ons swig.**

„En waar ons dan vandag weer O.B.-dag vier, daar word van u weer gevra om die fondse te verskaf wat nodig is om die O.B.-gedagte uit te dra. Wees net baie sterk en getrou en leef die gedagte van ons beweging uit. Marsjeer vasberade en doelbewus die toekoms in, onder ons leuse MY GOD, MY VOLK, MY LAND SUID-AFRIKA."

GENL. VORSTER

Hierdie kragtige toespraak van genl. Du Toit, wat geesdriftig ontvang is, het die gemoedere van die aanwesiges in die regte stemming gebring vir die rede van genl. J. Vorster wat hierna aan die woord gestel is.

„Dit is die eerste keer," het genl. Vorster gesê, „dat ek die Vrystaters toespreek. Ek het reeds baie gehore in die O.B. toegespreek, maar hulle was nie Vrystaters nie, maar rampokkers. Hulle was my kamerade van die LEËR AGTER DORINGDRAAD. Ek moet ook aan u hulle dank oorbring vir die getroue hulp en ondersteuning aan hulle afhanklikes gegee gedurende die jare van hul lyding."

Die parlementêre stelsel, is volksvreemd, het spreker gesê. Hy het met die Union Jack hier ingekom en sal saam met die Union Jack weer hier uitgestuur moet word. Daardie stelsel het die opkoms van die professionele politikus tot gevolg gehad.

Wat die ideologiese stryd betref, het na die eerste wêreldoorlog die kommunisme in Duitsland sterk geword en 'n internasionale sosialisme gepredik. Hitler het gekom en gesê: ons maak ons sosialisme nasionaal. By ons in S.A. is die toestand anders. Ons nasionale gevoel is sterk. Ons wil op die sosiale kant van ons nasionalisme meer die nadruk lê. Die stede moet verower word.

'n Ontleding van die toestand toon aan dat die Rand 33 lede na die Parlement stuur (waarvan 2 Afrikaans is); Kaapstad 13 (0 Afr.); Pretoria 7 (2 Afr.); Port Elizabeth 4 (0 Afr.); Oos-Londen 2 (0 Afr.); Transkei 8 (0 Afr.); Natal 16 (O Afr.).

Daarteenoor staan die Vrystaat met 14 setels, waarvan 1 SAP is. Dit beteken dat daar 82 stedelike setels is wat baie moeilik deur die Afrikanerdom verower sal kan word. Hoe sal hierdie setels ooit verower word as Afrikaners wat wil help weggestoot word? En dit is wat met die O.B. gedoen word.

Daar is net een manier — ons moet die sosiale gedagte in die stede indra. Die partypolitiek kan dit nie doen nie. Daardie stelsel is onmagtig om ook maar 'n enkele volksprobleem op te los. Hierdie taak wag op die Ossewabrandwag.

**Laat ons weer onsself inwerp in hierdie stryd, omdat dit die moeite werd is en omdat ons weet dat ons die probleme van ons volk kan moeg maak. Ons glo in hierdie beweging — om sy ideale en sy beginsels — en ons weet dat sy leier van die beste is!, het genl. Vorster afgesluit.**

DIE FUNKSIES

Dis geen wonder dat die funksies op al die plekke wat deur die twee generaals besoek is baie suksesvol was nie. Op Bethlehem was die opbrengs van die verkopings £150. Op Rosendal, wat op 7 Augustus die hoofoffisiere ontvang het, en waar die reëlings onder leiding van komdt. Fourie gestaan het, was dit £30; op Paul Roux op 7 Augustus saans, onder leiding van komdt. Bester £60; op Senekal, 8 Augustus, onder komdt. Human ook £60; op Lindley, 9 Augustus, onder leiding van komdt. Viljoen £35; op Fouriesburg, op 10 Augustus, onder leiding van komdt. Roos £100 en op Clarens, ook op 10 Augustus, waar komdt. Blignaut die saak gereël het £25, terwyl Kestell £40 ingebring het.

# 1,500 Luister Na K.G.

KAKAMAS: Weens plaaslike omstandighede kon die kommando van Kakamas sy jaarlikse O.B.-dag-funksie nie voor 19 Oktober hou nie. Die funksie was 'n groot sukses. Deur pragtige samewerking is in 'n klein rukkie £80 ingesamel, wat die totale bedrag, saam met die opbrengs van die Alheit-veldkornetskap, op £100 te staan bring.

Die Boerejeug van Alheit het geskitter in hulle ywer. Hulle het die mooi bedrag van £11 ingebring. Gedurende die verkoping is twee skape vir £22 verkoop.

### VERGADERING

Op 26 Oktober het die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, 'n openbare vergadering in Kakamas toegespreek. 'n Reuseskare van nagenoeg 1,500 persone het na die K.G. geluister. Lede van die H.N.P. en Verenigde Party was in groot getalle teenwoordig.

Die K.G. het die standpunt van die Ossewabrandwag op baie heldere wyse uiteengesit en gepleit om samewerking tussen Afrikaners. Die Afrikanerdom word saamgesleep in die suigkrag van die politieke maalstroom. Om nie onder te gaan nie, moet alle republikeinse Afrikaners die broederstryd staak en hul gewig gesamentlik ingooi, het spr. verklaar.

Na afloop van die vergadering is daar verskeie vrae aan die K.G. gestel. Spr. het o.a. in antwoord op 'n vraag daarop gewys dat waar Kommuniste die septer in Europa swaai, die blanke voor die blanke buig, maar indien die Kommunisme die septer in Suid-Afrika gaan swaai, die witman die knie voor die nie-blanke sal moet buig.

## K.G. TE GROOTDRINK

GROOTDRINK: Daar het groot geesdrif onder die kommando van Grootdrink geheers met die onlangse besoek van die K.G. en mev. Van Rensburg. Baie H.N.P.-lede sowel as lede van die Verenigde Party het die vergadering bygewoon. Dit kom voor asof hier nou 'n nuwe gees onder die mense heers aangesien die K.G. die samewerking tussen Afrikaners in sy toespraak verduidelik het. Dit het algemene byval gevind. Die funksie het £22 opgelewer.—(Korr.)

# Reeds Aan Werk Vir Volgende O.B.-Dag

**Met nog byna 'n jaar tussen nou en 8 Augustus aanstaande jaar is die kommando's van die Kaapse Skiereiland en omtrek reeds druk besig om te organiseer en maandelikse funksies te hou om geld in te samel vir O.B.-dag 1947.**

Hierdie Kommando's het onmiddellik na 8 Augustus begin organiseer en hou gereeld hul maandelikse funksies en is vasberade om nog meer in te samel as hierdie jaar toe hulle bo verwagting gepresteer het. Hul ywer dien as voorbeeld en aansporing vir ander kommando's wat nog nie weer begin het met die insameling van fondse nie.

Die vroue-offisiere van die Bolandse kommando's wat elke jaar bo aan die lys staan vir die hoogste bedrag wat ingesamel is, is bereid hom hul geheim met ander offisiere te deel. **Hulle hou nl. nie soos die meeste kommando's in die binneland net een of twee funksies per jaar nie maar organiseer doelbewus en reël elke maand 'n funksie. Dit het 'n vaste gebruik geword.**

OORSPRONKLIKHEID

Hulle neem ook die kans waar om tee, toebroodjies, ens. by vendusies, byeenkomste en vergaderings te verkoop en hierdie geld in hul 8 Aug.-fondse te stort. **Die vroue-kommando van Malmesbury het op die oorspronklike gedagte gekom om die resepsies vir troupaartjies waar te neem en dan vergoeding daarvoor te ontvang.** In die verlede het hierdie kommando aansienlike bedrae op hierdie manier vir Fondsdag verdien.

Ook die Boerejeug laat nie op hulle wag nie en gebruik hul spaartyd in diens van die Ossewabrandwag.

As al die kommando's die geheim van die Bolandse vroue-offisiere in die praktyk toepas, behoort die opbrengs van O.B.-Dag 1947 ongekende hoogtes te bereik.

## TROUE BRANDWAG HEENGEGAAN

LADISMITH: Met die heengaan van veldkornette mev. J. Klopper van Buffelskloof het die kommando een van sy hardwerkendste en getrouste lede verloor. Selfs toe haar gesondheid al aan kwyn en haar kragte min was, het sy nooit agteruit gestaan as daar werk was nie.

Sy het standvastig en getrou aan die Beweging gebly tot aan die einde van haar lewe.

Die groot skaar wat haar begrafnis bygewoon het, getuig van haar uitgestrekte vriendekring.

## Hfkomdt. W. Bouwer Oorlede

KIRKWOOD: Die kommando's van Kirkwood het 'n gevoelige verlies gely met die heengaan van hfkomdt. Willie Bouwer. Wyle komdt. Bouwer was iemand op wie staat gemaak kon word. Hy was altyd op sy pos. Hy was vir almal 'n inspirasie, omdat hy oral waar hy was, die O.B.-beleid rondborstig verkondig het. Op sy ondersteuning kon altyd gereken word.

Sy heengaan word diep betreur.

## WEER AKTIEF



**Komdt. J. M. Venter wat geruime tyd in die gevangenis en interneringskamp was, is tans weer in bevel van Delmas.**

## SALARISSE VAN ONDERWYSERS

Die konsep-ordonnansie insake die salarisse van onderwysers is verlede week deur die Kaaplandse Provinsiale Raad in Kaapstad aangeneem. Daar is weinig veranderings aangebring. Met die aanname van hierdie ordonnansie verval die hele agitasie van die onderwysers om 'n voordeliger metode van aanpassing van die nuwe skale.

Die nuwe salarisse is van terugwerkende krag tot 1 April van hierdie jaar maar die deel wat elkeen toekom sal nie voor die einde van aanstaande jaar klaar uitgewerk wees nie.

Die volgende sitting van die Provinsiale Raad begin op 28 Januarie 1947.

## AMPTENARE SE BESWAAR

Die bestuur van die Vereniging van Staatsamptenare het besluit om die staatsdienskommissie dringend te versoek om so spoedig moontlik 'n spesiale vergadering van die Staatsdiens-Adviesraad te belê, ten einde die funksie van hierdie raad te bespreek.

Dit volg op die weiering van die regering om gehoor te gee aan die versoek van die Adviesraad dat die nuwe salarisskale hersien moet word. Daar word gevoel dat dit nie baat om die adviesraad te laat voortbestaan as die regering nie daarvan notisie neem nie.

## VOOR KERSFEES LOSGELAAT

Die Amerikaanse besettingsowerheid het aangekondig dat 4,000 Duitsers wat tans in die tronke in die Amerikaanse besettingsgebied verkeer, net voor Kersfees losgelaat sal word, sodat hulle Kersfees by hulle gesinne kan deurbring. Dit is spesiale genade wat aan hulle verleen word. Die Duitsers wat losgelaat word verteenwoordig 15 persent van die totale aantal Duitsers wat deur die Amerikaners aangehou word.

# 80 MILJOEN INDIËRS LEEF IN WALGLIKE TOESTANDE

## Word deur Bloedgenote Onderdruk

***Die prentjie van blanke onderdrukking wat die Suid-Afrikaanse Indiërs met die gretige hulp van die Indiese regering aan die wêreld voorhou, steek sleg af by die feit dat sowat 80,000,000 Indiërs in Indië deur hulle eie bloedgenote deur die eeue heen onderdruk is en nog steeds die elementêrste menslike regte ontsê word. Terwyl hierdie toestande in Indië voortduur, tree die Indiese regering voor die V.V.O. as voorspraak op vir die Suid-Afrikaanse Indiërs.***

Die walglike toestande waaronder 25 persent van die bevolking in Indië leef, word verhaal in 'n werk van Katherine Mayo, „Mother India", waarvan die elfde herdruk in 1939 verskyn het.

In hierdie werk verklaar die skryfster dat dit byna ongelooflik is dat 25 persent van die 247,000,000 Indiërs (die syfers is van 20 jaar gelede) ongeletterd is en dat hulle deur hul Indiërbroers verplig word om in onmenslike toestande te leef. **Die misterie van Indië, verklaar die skryfster, lê opgesluit in die Hindoes se gereedheid om orals en onder alle omstandighede enige persoon, klas of volk van „rasse-vooroordeel" te beskuldig terwyl hulle self blind is vir die bestaan van 60,000,000 mede-Indiërs in Indië aan wie hulle op gewelddadige wyse alle menslike regte ontsê.**

Die onoorbrugbare kloof tussen die verskillende kaste in Indië het sy ontstaan baie eeue gelede gehad toe die Hindoes met hulle ligtere gelaatskleur Indië ingetrek het en nie met die donkerkleurige inwoners van die land wou meng nie, en die inwoners toe eenvoudig tot „vuil onaanraakbares" verklaar het. Met die verloop van tyd het die wetgewers die verskillende kaste vasgestel. Aan die spits van die kaste is die Brahamans, „die aardse gode", gestel. Dan volg o.a. die Kshattryas, die Vaisyas, en eindelik die laagste klas, die Sudra wat gebore is om diensbodes te wees. Die een klas sien op die ander neer en beskou hulself hoër as die ander.

### DIE ONAANRAAKBARES

**Benede alle kaste is die uitvaagsel van 25,000,000 Onaanraakbares wat geen regte en geen status het nie.**

Vir die Hindoe is oneerlikheid en afsku geassosieer met die naam van die Onaanraakbares.

„Sommige word slegs toegelaat om as straatveërs te dien en as verwyderaars van nagvuil, . . . en aan almal is die voorreg van enige soort onderwys ontsê. Hulle mag ook nie die geskrifte van die Hindoes besit of lees nie. Geen Brahaman-priester sal hulle bedien nie, en op baie klein uitsonderings na mag nie een van die Onaanraakbares die tempels van die Hindoes betree om te bid nie. Hulle kinders mag nie na openbare skole gaan nie. Hulle mag nie water skep uit die openbare fonteine nie; as hulle woning in die omgewing waar water skaars is geleë is en die bronne ver van mekaar is, beteken dit vir hulle nie groter konsiderasie van die ander nie, maar groter lyding en harder arbeid.

### MAG NET BEDEL

Hulle mag nie 'n hof binnegaan nie; hulle mag nie 'n apteek binnegaan om hulp vir hulle siekes te ontvang nie; hulle mag nie by 'n herberg vertoef nie. In sommige provinsies word hulle nie op die publieke paaie toegelaat nie en as landbouers en arbeiders is hulle gedurig aan die verloorkant; hulle mag nie winkels besoek of selfs die strate waar winkels is, besoek nie, maar moet vertrou op die toeval om hulle benodighede van hongerige bemiddelaars te verkry en hul produkte te verkoop. Sommige word nie toegelaat om enige werk te doen nie. Hulle mag niks verkoop nie, nie eens hulle eie arbeid nie. Hulle mag net bedel. Vir hierdie doel mag hulle nie eens die pad gebruik nie, maar moet vér van die pad af staan en hulself versteek en diegene wat verbygaan versoek om hulle aalmoese te gee. As aalmoese gegee word, moet dit op die grond, ver van die pad gegooi word en as die gewer uit sig is, nie eerder nie, mag die bedelaar uitkruip, die aalmoes gryp en weghardloop."

Voedsel waarop die skaduwees van die Onaanraakbares val mag nie gebruik word nie, en moet vernietig word.

**As hierdie Onaanraakbares hulle in die nabyheid van 'n publieke pad bevind en hulle is minder as 200 tree van die pad af, moet hulle 'n groen blaar wat met sand vasgepak is in die pad as teken opsit as daar 'n Brahmaan verbykom, hy kan weet dat daar 'n onheilige in die omgewing is. As die Brahmaan hierdie teken sien, sal hy uitroep, waarop die Onaanraakbare wat hom in die omgewing bevind, dadelik so vinnig as hy kan moet weghardloop totdat hy 200 tree, van die „aardse god" verwyder is. Hy moet dan uitroep: „Ek is nou tweehonderd tree weg. Gaan asb. verby".**

### BRITSE POGINGS ONSUKSESVOL

Die Puliahs van die Malabar Kus word nie toegelaat om hutte te bou nie. Hulle mag niks beter vir hulle oprig as 'n paar pale waaroor blare gegooi word nie.

Hierdie klasseverskil is diep gewortel in die godsdiens van die heersersklas, die Hindoes. **Pogings wat deur die Britse regering aangewend is om die lot van hierdie 60 miljoen mense te verlig, was onsuksesvol omdat die maak van 'n wet en die uitvoering daarvan, twee dinge is.** Dit bots eenvoudig met die opvatting van die konserwatiewe Hindoe wat weier om te erken dat die Onaanraakbares ook bestaansreg het. Op 'n paar gebiede is daar al vordering gemaak. So word die kinders van die Onaanraakbares in 'n klein persentasie van die meer as 8,000 skole toegelaat, hoewel die regulasies van die Britse regering bepaal dat die kinders van die onheiliges nie geweier mag word nie. Die ortodokse gevoel onder die Hindoes is te sterk om van hul godsdienstige beginsels af te sien want hierdie saak is nou verwant aan hulle godsdiens. 'n Baie klein persentasie van die uitgeworpenes se kinders is tans op skool. Indien hulle dit waag, loop dit op ernstige geskille en diepgaande moeilikhede uit.

**Enkele van die Indiese leiers het dan ook besef dat voordat hulle enige eise aan ander kan stel, hulle eers voor hulle eie deur moet vee. Daarom het Noor Mahomed verklaar: „Hoe kan (ons) vir groter politieke regte vra wanneer (onsself) elementêre regte aan menslike wesens ontse?"**

### IN SUID-AFRIKA

**Dit is baie interessant om te weet dat van die 130,000 Indiërs wat deur die Britse regering na Suid-Afrika immigreer is, eenderde, d.w.s. meer as 40,000 Onaanraakbares was, wat geen politieke of menslike regte in Indië geniet het nie.** Vandag skree hulle nasate wat in blink motors ry en wie se gesigte glim van vettigheid dat hulle onderdruk en verdruk word deur die witman, terwyl as hulle in hulle eie vaderland gebly het, hulle op die strate sou moes bedel en hulself sou moes verberg en nie eens die reg sou hê om water uit 'n publieke put te skep nie.

**Voorts wil die Indiese regering aan Suid-Afrika voorskryf hoe hierdie „Onaanraakbares" in Suid-Afrika behandel moet word, terwyl hulle hierdie mense in Indië nie die elementêrste menslike regte gun nie. In Indië onderdruk die een kaste die ander op 'n gruwelike wyse en dan durf hulle die blankes in Suid-Afrika van „herrenvolkisme" beskuldig!**

## AMERIKA SAL SPYT KRY OOR NEURENBERG

**„Die ophang van die elf manne wat by Neurenberg veroordeel is, is 'n klad op Amerika waaroor ons nog vir 'n lang tyd spyt sal hê," het die Amerikaanse senator, Robert Taft onlangs verklaar toe hy sy afkeur uitgespreek het oor die geregtelike moord op die Duitse leiers.**

Hy het verklaar dat daar niks by Neurenberg en by die dood van hierdie manne gewen is nie. Hy betwyfel dit „of die hang van hierdie manne, wat die leiers van die Duitse volk was, ooit die maak van agressiewe oorloë sal ontmoedig, want niemand voer 'n agressiewe oorlog sonder dat hy glo dat hy sal wen nie. . . .

Wraak is selde regverdig . . . In hierdie verhoor het ons die Russiese uitgangspunt vir 'n verhoor geaksepteer, nl. regeringsbeleid en nie regverdigheid nie. . . .

Ek versoek dat hierdie prosedure nie ook op Japan toegepas moet word nie," het hy verklaar.

Stuur u POSBESTELLINGS vir
- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES

na
SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

*DIE FAIRMONT BIO-PSIGOLOGIESE NAVORSINGS-SANATORIA*
vir
*geestelike, verstandelike en morele heraanpassing in ontwrigte lewensomstandighede.*
Kom raadpleeg of skryf aan ons.
HOFSTRAAT, 26,
KAAPSTAD.
Foon 3-1788.

O.B.-Kersfeeskaartjies
VIER VERSKILLENDE PRAGONTWERPE MET O.B.-WAPEN
4/6 per dosyn, met koeverte
Bestel:
*BOEREJEUG-HOOFKWARTIER*
MEYERGEBOU 9 POTCHEFSTROOM

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MÔREMARK (Posbus 7185) Newton

Ons Gee nog Steeds LEIDING
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg - MAITLAND

Spesiale Aanbod in
DAMESHANDSAKKE
Egte leer, met leer uitgevoer, teen presies die prys wat u. wil betaal.
KOM SEKER NA
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
Werda Meubelhandelaars,
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

*TELEURGESTELD?*
Was u miskien laaste jaar teleurgesteld toe u Kersfeesdrankies te laat aangekom het? Moet nie laat dit weer vanjaar gebeur nie. U kan nou-al seker van u drankies maak deur vandag u bestelling in te stuur. Vermeld die datum waarop u verlang dat afgestuur moet word, en dit sal op tyd afgelewer word.
MAAK GEBRUIK VAN HIERDIE GELEENTHEID EN VOORKOM TELEURSTELLING ! !

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal Soet | 2/6 | 11/- |
| Ou Port | 2/6 | |
| Rooi en Wit Jeripiko | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| „Cocktail" | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Swartberg Sjerrie | 2/6 | |
| Boergonje (Rooi) | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit | 1/6 | — |
| **FONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante | 10/- | — |
| Vonkel Boergonje (Droog) | 8/6 | |
| Grande Splendore | 7/6 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Aurora V.S.Q. (slegs 3 bottels per bestelling | 10/- | |
| Royal | 8/6 | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.I | 8/- | — |
| Boegoe | 7/8 | — |
| **LIKEURE:** | | |
| Peperment, Piesang, Appelkoos of Perske | 7/- | |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer, Anys, Naeltjies | 6/6 | |
| **JENEWERS:** | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/8 | — |

VOORWAARDES: (1) Voeg by 20/- of 5/- per vaatjie en kissie met bottels respektiewelik. Hierdie depositos word dadelik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald Vlakteplaats-Stasie. (2) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gellings (of 'n gelykstaande hoeveelheid. (3) Alle bestellings Kontant of K.B.A. u naaste Stasie.
MOET NIE VERGEET OM DIE DATUM WAAROP U VERLANG DIT AFGESTUUR MOET WORD IN U BRIEF TE NOEM NIE.
EXCELSIOR WYNMAKERY
(Edms.) Bpk.
VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)

*Die O.B. is die Adver tensieblad van die toekoms. Gebruik sy ge-klassifiseerde kolomme.*

KAAPSTAD, WOENSDAG, 27 NOVEMBER 1946.

# RUK DIT UIT!

Wanneer partypolitici self erken dat dit ongesond en selfs gevaarlik is om 'n groot vraagstuk in die partypolitiek te sleep, dan kan niemand verwyt word dat hy bevooroordeeld is wanneer hy dieselfde bepleit nie. Meeste lesers sal hulle goed herinner hoe die onderskeie partye 'n paar jaar gelede mekaar onderling beskuldig het dat die ander verantwoordelik was vir die invoer van partypolitiek in stadsverkiesings. Desondanks hierdie eenstemmige afkeuring van die partypolitieke indringing, het dit tog werklikheid geword in etlike groot stede waar stadsake nou ook partysake geword het. **Dit is dus 'n kwaad wat nie gestuit kan word deur blote beskuldigings aan die adres van die teenstander nie — dit blyk inteendeel die neiging te hê om die ontwikkeling net te verhaas: die blote verwyt maak dit al klaar 'n partysaak.**

Ons het dan ook reeds tevore aangetoon hoe hierdie partypolitieke kanker besig is om deur ons hele volkslewe te vreet en ten spyte van teenstand in die partypolitiek self, voortwoeker van die een volksterrein na die ander. **As ons hierdie proses wil keer, sal dit by die wortel aangepak moet word en nie by die blare nie. Die politieke partye sal self bereid moet wees om dit nie net by proteste te laat en dan maar by die voldonge feit te berus — of selfs daarop te teer nie.**

Een van die mees brandende vraagstukke op die oomblik is die van ons rasseverhoudings of die „kleurvraagstuk", soos dit al in die partypolitiek beslag gekry het. Dit is 'n vraagstuk wat al internasionale omvang begin aanneem. **Nou het sowel die leier van die opposisie as die waarnemende leier van die regeringsparty reeds gepleit dat die vraagstuk buite die partypolitiek gehou moet word.** Dr. Malan het verlede jaar 'n beroep op genl. Smuts gedoen om die naturelle-vraagstuk buite die partypolitiek te hou, en vanjaar het hy in die parlement gepleit dat die Indiër-kwessie ook as 'n „nasionale saak" benader moet word met uitskakeling van party-oorwegings. **Dit kon gedoen word, het dr. Malan beklemtoon deur 'n referendum of volkstemming te hou.**

**ALMAL EENS**

Op sy partykongres in Bloemfontein het min. J. H. Hofmeyr van sy kant weer 'n beroep op dr. Malan gedoen om die kleurvraagstuk nie in die partypolitiek te sleep deur daar 'n verkiesingsaak van te maak nie. **Daar is dus heelhartige eenstemmigheid tussen die politici self dat die kleurvraagstuk nie deur hulle uitgebuit moet word vir partyvoordeel nie.**

By hierdie eenstemmigheid het die Ossewabrandwag hom reeds by voorbaat aangesluit, maar ons wil dit nie net by woorde laat nie. Ons sien reeds hoe die H.N.P.-leiding ondanks sy uitlatings daarteen „besig is om die verkiesing voor te berei juis oor die kleurvraagstuk en wel op partylyne. So het dr. Bremer verlede week te Robertson op 'n vraag geantwoord dat die enigste toenadering wat daar kan wees, die is „**van persone om te stem vir die dinge waarvoor die Nasionale Party ywer**". En op die voorstel van die O.B. om 'n breë volksfront te skep het die H.N.P.-leiding tot sover nog konsekwent geantwoord dat daar net sprake kan wees om vir die H.N.P. as party te stem.

Dr. Malan het sowel op Somerset-Wes as elders duidelik onderneem om die kleurvraagstuk, wanneer sy party aan bewind kom, buite en bo die partypolitiek op te los. **Hoe hy dit sal regkry nadat hy die verkiesing oor die kleurvraagstuk reeds as partysaak geanteer het, moet 'n geheim wees waaroor ons nie beskik nie. Dit gaan die volk in twee kampe jaag oor 'n vraagstuk ten opsigte waarvan daar so weinig verskil bestaan dat mnr. J. G. Strydom die oortuiging in die parlement uitgespreek het dat „meer as die helfte van die lede aan die oorkant van die Raad" teen die Indiër-maatreël sou gestem het indien daar 'n vrye stemming was. Maar omdat dit 'n partysaak was, het hulle almal vir die party se maatreël gestem teen hul beterwete.**

**VIR SAAK STEM**

**Dit gaan weer gebeur** — en dit terwyl selfs 'n liberalis soos min. Hofmeyr nou al ontken dat hy vir gelykstelling is en beklemtoon dat ons kleurvraagstuk uniek is omdat Suid-Afrika die Afrikaner se enigste vaderland is — soos hy voorverlede week in Pietermaritzburg voor sy kongres gedoen het.

**Die noodsaaklikheid van 'n breë volksfront waarin daar oor 'n saak gestem word sonder dat daar terselfdertyd vertroue uitgespreek word in 'n besondere party met al die vooroordele teen hom, is vandag meer noodsaaklik as ooit tevore tensy ons 'n reaksie by ander blankes wil uitlok wat die kleurvraagstuk buite die bestek van enige oplossing gaan slinger.**

As dr. Malan volhard om hierdie voorstel van die O.B. van die hand te wys en bly dwing om van die kleurvraagstuk 'n enge partyverkiesingsplank te maak, sal hy skerp veroordeel staan deur die volgende woorde wat hy in 1944 voor sy kongres in Pretoria gebesig het:

„In 1929 het die Nasionale Party die kleurvraagstuk op die voorgrond geplaas en die verkiesing van toe het die Nasionale Party 'n meerderheid oor alle partye gegee. Wat in 1929 moontlik was, is weer moontlik." (Die Burger, 21 Sept. 1944.)

Dit was twee jaar gelede, en ons wil aanneem dat dr. Malan sedertdien tot ander insigte gekom het, en dit opreg bedoel wanneer hy vandag pleit dat die kleurvraagstuk buite die partypolitiek gehou moet word, **maar in die lig van daardie uitlating word dit meer noodsaaklik dat hy sy bedoeling in dade uitdruk, en dit kan alleen gebeur as daar van die verkiesing self 'n volksaak gemaak word.**

# DIE EERSTE STAP

Die uitnodiging van die Afrikanerparty, waarvan daar 'n berig elders in hierdie uitgawe verskyn, is 'n vriendskapsgebaar wat soos 'n belowende reënwind oor die dorheid van volksverdeeldheid waai.

Die Ossewabrandwag het nog altyd volgehou dat ons volk nie soseer deur beginsels uit mekaar gehou word nie, as deur 'n gebrek aan welwillendheid tussen groepe wat in hoofsaak dieselfde ideale nastrewe. Om hierdie rede is dit dus 'n ydele hoop om te verwag dat daar bloot op grond van uitnodigings om die een by die ander aan te sluit tot eenheid gekom kan word. **Die pad na eenheid gaan van welwillendheid na samewerking en van samewerking na uiteindelike vereniging. Waar die Afrikanerparty dus nou kom met 'n vriendskapsgebaar teenoor die Ossewabrandwag, word daar 'n begin gemaak met die eerste stap. En waar dr. Malan as leier van die H.N.P. by verskillende geleenthede onlangs verklaar het dat daar tussen hom en die Afrikanerparty geen verskil bestaan nie, en dat hy bereid is om met laasgenoemde saam te werk, kan ons nie sien waarom die H.N.P.-leiding nie ook tot daardie eerste stap kan kom in die aanvaarding van O.B.-vriendskap nie.** As ons mekaar eers erken as broers en strydgenote, lê die pad oop na 'n bondgenootskap — 'n bondgenootskap waarin niemand uitgesluit sal wees wat sy deel vir die volk wil bybring nie. En uit daardie bondgenootskap kan dan vanself groei die soseer begeerde eenheid.

## Breekpunt In Die V.V.O.?

● „Ons het gehoop dat die debatte hier ons sou toelaat om die Britse volk te vertel dat ons bereid is om ons beleid op die Verenigde Volke te baseer. Soos sake nou staan sal dit ongelukkig onmoontlik wees," het Bevin (Brittanje) verlede Saterdag, tydens besprekings oor die veto-reg, aan die buitelandse ministers van die vyf grootmoondhede gesê.

● Byrnes (V.S.A.) het gesê dat dit nie vir hom lyk of hulle voor 1950 sal klaarkry met die vyf verdrae wat reeds op die Paryse Vredeskonferensie uitgepluis is nie.

● Die struikelblok is Kommunistiese Rusland.

● Nu-Seeland se verteenwoordiger het verklaar dat sy land sal voortgaan om sy mandaat-gebied, Wes-Samoa, te bestuur, al sê die Algemene Vergadering van die V.V.O. nou ook wat.

● Dit is presies wat die V.S.A. en Suid-Afrika alreeds t.o.v. voormalige Japanse mandaat-eilande in die Stille Oseaan en Suidwes-Afrika onderskeidelik gedoen het. — (Sapa-Reuter.)

**..SABOTASIE OOR NEURENBERG-UITSPRAAK: Die leier van die groep Duitsers wat in hegtenis geneem is in verband met die onlangse bomaanslae in Stuttgart, het verklaar dat hulle so geskok was oor die uitspraak van die Neurenbergse „hof" dat hulle tot aksie oorgegaan het. Die groep wat sabotasie gepleeg het, bestaan uit vyftien lede van die SS en die Hitler-jeug.**

# Kultuurlewe In Duitsland

## Europa se Haat Vir Kommunisme

**Waarnemers wat gedurende die afgelope tyd deur Europa gereis het, was verbaas oor die groot mate van intellektuele lewenskragtigheid wat die Duitse volk openbaar te midde van die ellende en honger. Die kuns is besig om te bloei. Dit spreek van die wil van die Duitse kultuurvolk wat nie onder te bring is deur die drukkende hand van die veroweraar nie.**

**Dit is duidelik, verklaar die waarnemers, dat die Kommunisme die volke in Wes-Europa afskrik maar dat hulle magteloos daarteen staan.**

„Die verbasingwekkende in Duitsland is die geweldige getuienis van die intellektuele energie wat tog uitspruit te midde van die ongelooflike fisiese verwoesting. Terwyl ek nie in staat was om enige aktiwiteit onder die jong Duitse skrywers aan te tref nie, het ek die Duitse teater, Duitse opera en die Duitse musiek tot so 'n mate aan die bloei gevind dat Berlyn sonder twyfel die toonaangewende teater- en musiekstad van Europa maak."

Berlyn het vier operas, twee daarvan is die heel jaar aan die gang. Dit produseer tienmaal soveel per jaar as 'n opera in Amerika, verklaar hierdie waarnemer in Time.

Oral waar hy gegaan het ,het hy gevind dat daar haat en **vrees vir die Kommuniste bestaan. Hy het tot hierdie gevolgtrekking gekom nadat hy met talle mense in treine, kantiene en ander plekke gesels het. Almal vrees die dag wanneer Amerika en Engeland hulle magte sal terugtrek, want dan sal Rusland sonder teenstander wees. „Oral in Europa is die Kommunistiese Party die party wat die mag uitoefen. Hulle weet wat hulle wil doen en waarop hulle afstuur . . . . Maar die kommunistiese hiel is nog steeds iets wat 'n groot deel van Europa afskrik — sekerlik die meeste mense in Wes-Europa. Daaraan het daar verskeie ,Christelike' partye ontstaan, hoofsaaklik Katolieke en sommige Protestants en in ander gevalle 'n mengsel van die twee."**

Die mense hoop om Europa hiermee te red, verklaar die waarnemer. „Hulle is in die lewe geroep net met die een doel, en dit 'n negatiewe — om die Kommuniste te beveg. As gevolg hiervan sluit hulle geledere verskeie botsende groepe in wat begeer om die Kommuniste te beveg.

Hy verklaar verder dat die Katolieke Kerk die Kremlin beveg en dat dit dalk op 'n openlike oorlog tussen Rome en die Kremlin kan uitloop.

Ook in Finland wat hy besoek het, het hy die haat vir die Kommunisme gevind. Die voedseltoestand in Finland laat veel te wense oor. Die meeste eetplekke op die kleiner dorpe het net twee geregte op hulle spyskaarte: ertjiesop en gekookte aatappels. Koffie en suiker is iets wat nie te vinde is nie, selfs nie eens in die swartmarkeetplekke nie. Klere word gemaak van houtpap en die meeste motors word aangedryf deur houtverbranding, aldus een waarnemer.

'n Ander waarnemer skilder die toestand in Europa besonder donker. Hy beskou die fisiese verwoesting nie as die grootste ramp wat Europa getref het nie, maar beskou die geestesverandering en die skok wat die moraal van die Westerse wêreld ondergaan het, as 'n veel groter ramp. **„Iets het gebeur met Europa se idees oor eer, moraal, geloof, hoop en menseliefde wat so diep gaan, dat mag nie die herstel daarvan teweeg kan bring nie".**

Hy veroordeel die slawearbeid wat die Duitse krygsgevangenes in Engeland moet verrig. **„Dink aan die geestelike implikasies van die stadige ontwaking van die publieke opinie in Engeland teenoor die regering se slawehandel met Duitse krygsgevangenes. . . . Op watter grond, vra hierdie waarnemer, kan die Britse regering — die Arbeiderregering — hierdie brutale metodes regverdig? En waarom neem die publiek hierdie beleid van die regering so lank vir lief?"** Hy verklaar dat die morele agteruitgang van die vasteland nog veel erger is waar die mense ontaard en woes geword het as gevolg van die oorlog. Miljoene is ontwortel en gee hulle oor aan 'n geweldddadige lewe.

## NATURELLE IN DIE BOUBEDRYF

Die regering is van voorneme om 'n begin te maak met die oplei van 250 naturelle-bouvakmanne. As die eerste poging slaag sal die getal tot 2,000 vermeerder word, het mnr. J. H. Hofmeyr, waarnemende Eerste Minister, verklaar. Die eerste ses maande sal die naturelle 1s. 5d. per uur ontvang. Die loon sal geleidelik verhoog word tot 'n maksimum van 2s. per uur.

In antwoord op die besluit van die regering, het die gesamentlike bestuur van die vakbonde van die werkers in die boubedryf verklaar dat hulle veral gekant is teen die feit dat die regering hom met „diktatoriale mag" beklee in die opstelling van die plan vir die opleiding van naturelle. In hierdie verband word o.a. melding gemaak van die vasstelling van lone, die toewysing van die werkers aan werkgewers, ens. In alle opsigte, so lui die antwoord, is die gevestigde nywerheidsorganisasie vir die vasstelling van lone, werktoestande, ens. ter syde gestel. Hulle het opnuut versoek om die regering te spreek.

**BRAAIVLEISAAND**

Die O.B.-Kommando van Wellington nooi alle belangstellende mede-Afrikaners uit na 'n

B R A A I V L E I S A A N D

wat gehou word op die plaas

**OAKDENE — WELLINGTON**

**op SATERDAG, 30 NOVEMBER, vanaf 7 n.m.**

**SPREKER: ADJUNK-K.G., GENL. J. A. SMITH.**

KOM SEKER!

# Hofmeyr Beloof Hulp Aan Goudmyne

**In sy antwoord op die versoek van die goudmynbedryf dat die staat onmiddellik aandag aan die toestand waaronder die goudmyne produseer, moet gee, het mnr. J. H. Hofmeyr, Minister van Finansies en waarnemende Eerste Minister, sorgvuldige oorweging van die vertoë van die goudbedryf beloof. Hy het ook die kwessie van belastingverligting soos deur die myne versoek, aangeroer.**

„Die belangrikste saak wat die staat, nywerheid en publiek moet besef is dat daar gevare is wat die goudmynbedryf, en dus ook ons hele ekonomiese struktuur bedreig," het mnr. Hofmeyr verklaar. Hy het erken dat die toestand ernstig is en dat die myne 'n baie geringe winsgrens het. Dit is egter nie nodig om paniekerig te word nie.

Dit is onmoontlik om te sê watter belastingverligting miskien in die volgende begroting voorgestel sal word, maar belastingverligting vervul maar 'n betreklike rol ten opsigte van die onmiddellike probleem waarvoor die mynbedryf te staan gekom het.

Die probleem spruit voort uit die feit dat die winste in sommige myne klein is, en nog krimp, namate die bedryfskoste styg. Die gevaar bestaan dat die winste heeltemal mag verdwyn. Dit is onmoontlik om die lewensduur van die myne te verleng deur die belastings te verminder op winste wat nie bestaan nie.

DEVALUASIE

Hy het die myne gewaarsku om nie daarop staat te maak dat die prys van goud in die nabye toekoms sal styg nie. Hy het beklemtoon dat eensydige devaluasie, vir sover sodanige stappe tegnies moontlik is, tot betreklike geringe voordeel vir die bedryf sal wees. Vir die land as geheel sal dit beslis nadelig wees.

In dieselfde week waarin min. Hofmeyr die goedmynebedryf beloof het dat die staat na hulle sal omsien, het sir Ernst Oppenheimer in Johannesburg die vertroue uitgespreek dat die moeilikhede waarmee die goudmyne nou te kampe het, oorkom sal word en dat hulle sterker as ooit te vore daar sal uittree. Hy het verklaar dat die myne in die moeilike jare wat kom, alleen deur die steun en hulp van die staat in stand gehou kan word. Hy het gepleit dat die staat die toestand sorgvuldig oorweeg.

## ATTLEE HANDHAAF SY BELEID TEEN RUSLAND

**Die opstand van die 70 „rebelle" in die Britse Arbeidersparty, het op 'n nul uitgeloop.** Hulle was gekant teen die buitelandse beleid van hul party en het 'n amendement op die troonrede voorgestel waarin versoek word dat die regering sy beleid wysig tot gelyke samewerking met sowel die Verenigde State as Sowjet Rusland. Hulle wil nie hê dat Engeland hom intiem aan die V.S.A. moet koppel nie, maar verkies dat hy 'n neutrale houding moet inslaan om 'n demokratiese en opbouende sosialistiese alternatief daar te stel vir die onvermydelike botsing tussen kapitalistiese Amerika en Russiese Kommunisme.

Toe die Huis versoek is om oor die amendement te stem, het die „rebelle" buite stemme gebly omdat hulle dan nie teen die regering wou stem om daardeur die indruk van 'n mosie van wantroue te skep nie. Die Konserwatiewe Party het die regering ondersteun en die mosie is met 353 stemme teen nul verwerp.

As die optrede van die „rebelle" 'n voeler was om te toets hoe ver die Engelse volk in 'n pro-Russiese rigting wil beweeg, dan het die feit van hul kapitulasie die antwoord verskaf, nl. — nie 'n tree nie.

## RUSSIESE WAPENPRODUKSIE IN DUITSLAND

### Kommissie Sal Ondersoek Instel

**Rusland het eindelik toegestem dat 'n kommissie van ondersoek in die Russiese besette deel van Duitsland toegelaat sal word om vas te stel in hoeverre die beskuldigings van die Westerse Geallieerdes juis is dat Duitse fabrieke in die Russiese gebied besig is met die vervaardiging van oorlogstuig. Dit is die eerste Russiese toegewing in hierdie verband.**

In die afgelope tyd het Amerika en Engeland gestaafde beskuldigings oor die maak van wapens teen Rusland ingebring. Die Russe lê hulle veral toe op die vervaardiging van V-wapens. Die Amerikaanse blad Time berig dat die Russe op die volgende plekke die Duitse fabrieke vir oorlogsproduksie inspan: V-wapens word gemaak te Sömmerda naby Erfurt, te Halle, te Nordhausen en in Suid Harz. Brandstof vir die V-wapens word gemaak in Leuna; lugdoelgeskut word in Gotha vervaardig terwyl masjiengewere in Leibzig, tenkkettings in Plagwitz en uniforms vir die Rooi leër in Plauen gemaak word.

Die ondersoek sal gedurende hierdie maand plaasvind.

## DUITSE WETENSKAPLIKE ONTVANG NOBELPRYS

'n Duitse wetenskaplike, prof. Otto Hahn, wat gedurende die oorlog besig was met navorsing in verband met die splitsing van die atoom, sal die eer toekom om die Nobelprys vir navorsing op skeikundige gebied, in Stockholm te ontvang. Hy is deur die besettingsowerheid toegelaat om na Swede af te reis om die prys te ontvang vir sy aandeel in die atoomnavorsing.

Prof. Hahn is gedurende die laaste fase van die oorlog terwyl hy en ander Duitse wetenskaplikes besig was met atoomnavorsing, deur die Britte gevangegeneem en na Engeland ontvoer. Dit is gedoen om uit te vind hoe ver die Duitsers met atoomnavorsing gevorder het.

Hermann Hesse, 'n Duitsgebore inwoner van Switserland, het die Nobelprys vir letterkunde ontvang.

## GODSDIENSVERVOLGING

Die laaste biskop van die Rutheniese bisdom van Munkacs wat nog op vrye voet was, is deur die Russe in die tronk gegooi. Biskop Romza was die enigste biskop van hierdie bisdom wat nog nie deur die Russe onder hande geneem is nie. Verlede jaar het die Russe probeer om die Katolieke te dwing om by die Russiese Ortodokse Kerk aan te sluit. Niemand kon daartoe beweeg word nie. Omdat die Katolieke nie aan hierdie bevel gehoor wou gee nie, is die hele bisdom nou gelikwideer en al die eiendom van die kerk is aan die Ortodokse Kerk gegee.

## KANADA WIL NIE JODE HÊ

Nege-en-veertig persent van die Kanadese volk is nie bereid om Jode-immigrante in Kanada toe te laat nie al geskied dit ook op 'n selektiewe basis. Dit is aan die lig gebring deur 'n landswye ondersoek. Op die vraag watter volkere nie tot Kanada toegelaat moet word nie, is twaalf volke genoem, waaronder die Jode.

Die Joodse bevolking van Europa tel tans 1,852,000 waarvan die grootste aantal hulle in Pole, Hongarye, Frankryk en Duitsland bevind.

# Vlugteling-Jode In Reuse-Swartmark

**Vlugteling-Jode in Duitsland is besig om op groot skaal swartmark te bedryf in voedsel en ander goedere wat in Duitsland gerantsoeneer word. Die grootste van hierdie praktyke vind plaas in die Zeitsheimkamp vir Jode naby Frankfort. Die Amerikaanse owerheid het reeds agt van hulle in hegtenis geneem. Sommige is betrokke in 2,000,000 mark-transaksies.**

Leërbeamptes het vroeër gesê dat hulle onwillig is om teen die sluikhandelaars op te tree omdat die handelaars almal Jode is en hulle is bevrees dat as daar opgetree word, dit as anti-semitisme bestempel sal word.

VOEDSEL

Artikels soos botter, kookvet, ens. wat op die gewone manier nie te koop is nie, kan op hierdie plekke openlik ten duurste gekoop word. Britse wolstowwe word teen pryse wat wissel van 2,500 mark tot 6,000 mark aangebied. Sigarette is besonder gewild as betaalmiddel omdat dit besondere koopkrag besit. Vyf pakke van 200 sigarette is 4,000 mark werd.

Onder die goedere wat so verkoop word, is baie artikels wat uit die Unrra-pakhuise gesteel is. Die blaam hiervoor rus op die Jode en Amerikaanse soldate.

MOTORS

Toe agt van die vernaamste Joodse sluikhandelaars in die Zeitsheim-kamp in hegtenis geneem is, is daar op saccharine ter waarde van £12,500 beslag gelê. Ook groot hoeveelhede Amerikaanse dollars, goudmunt en Duitse mark is gevind en beslag op gelê: Die belhamel is ene Moses Feldenstein.

Meer as 20 ongelisensieerde motors is gevind en sowat 3,500 mense is aangehou.


**WAPENSKOU**

Die ENIGSTE Afrikaanse tydskrif van sy soort wat u 'n aantreklike en skerpsinnige oorsig gee omtrent sake van die dag op nasionale sowel as internasionale gebied, hetsy:

- EKONOMIES
- STAATKUNDIG
- WETENSKAPLIK
- KULTUREEL
- SOSIAAL

AANBOD VIR SPESIALE INTEKENING:

| | |
|---|---|
| Vir 'n tydperk van 1 jaar | 12/6 |
| Vir 'n tydperk van 5 jaar | £2-10-0 |
| Vir 'n tydperk van 10 jaar | £4-10-0 |
| Lewenslang | £10-0-0 |

BUS 28 — — STELLENBOSCH

**PRETORIA-MARK**

**W. & P.**

P.R.R.

Produsente, stuur u Produkte, Eeiers, Botter en Lewende Hawe na ons.

(Ontvangs-agente van alle slagvee vir die Vleiskontroleur)

Ons het 'n garansie van £2,500 by die Regering.

**WEBB EN PRETORIUS**

Pretoria se Oudste en Grootste Markagentskap

**TE KOOP AANGEBIED:**

Goudmyn-Stoetery bied aan Opreggeteelde Irish Hunter en Percheron Merries en Jong Perdjies uit ingevoerde ouers. Ook Fries- en Jerseykoeie, Verse en Bulletjies uit beste bloedlyne geteel. — A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson. TK5526

**A.V.B.O.B.**

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

**Beskerm u Oë**

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

**Wahl, Lawrence EN KIE.**

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad

Foon 22408

SÊ ASB. DAT U DIE ADVERTENSIE IN DIE O.B. GESIEN HET

**G. A. FICHARDT, Bpk.**

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)

MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS

Foon 700 Opgerig 1848

BLOEMFONTEIN

**Kersfeeskaartjies**

MET O.B.-WAPEN



Vier verskillende kaartjies met die volgende ontwerp: (1) O.B.-wapen in twee kleure gedruk; (2) O.B.-wapenontwerp deur 'n O.B. in die Sentrale Gevangenis ontwerp; (3) en (4) Diere sketse in twee kleure met wapen binne in en bypassende slagspreuke.

MET KOEVERTE 4/6 per dosyn posvry.

*Pro Ecclesia-Boekhandel*

POSBUS 29 — STELLENBOSCH

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

Uit klein akkers spruit groot bome . . .
Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BEPERK
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## KERSGROETE

In Die O.B. van 18 Desember sal spesiale ruimte afgestaan word vir Kers- en Nuwejaarsgroete: 3/- per plasing van 24 woorde of minder; 1d. vir elke addisionele woord.

Stuur u bestelling vergesel van die nodige kontant sonder versuim aan:—

Voorslag (Edms.) Bpk.

Posbus 28 Stellenbosch
Die sluitingsdatum is
10 DESEMBER

## AGENTSKAPPE

**EIENDOM.** In verband met verkoop van huise, plase en motors raadpleeg P. v. d. WESTHUIZEN, Oranjestraat 82, KAAPSTAD. Foon 2-0740. 5602Tk

**VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK,** Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by POSBUS 48, Foon 9-7222. 27/11/Tk

## ALGEMENE HANDELAARS

**COETZER SE WINKEL** H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babaklerasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

**OOSTELIKE WINKELS.** — Besoek ons by die nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

## BELANGRIK VIR DAMES

**PETRONELLA,** Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad, Foon 2-2178. Kom na ons vir deftige Jasse, Romax Snyerspakke, Trick tweestuk Rokke. Ook Troutabberds word gemaak na mate.

## BENODIG

**ONDERBESTUURDER** van melkery op plaas naby Kaapstad. Applikant moet volle verantwoordelikheid kan neem in afwesigheid van bestuurder. Elsenburg-diploma 'n aanbeveling. Vooruitsigte baie goed. Doen aansoek by KAMER 914, Groote Kerk-gebou, Kaapstad. 27/11/2

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARTAPPELS.** — Vars, gesonde tafelaartappels teen £1-12-6 per sak van 153 pond, plus 1/- vir sak. K.M.B. Gelewer bushalt Rheenendal. — G. BARNARD, Rus-en-Vrede, Rheenendal. 20/11/2

HERHOLDT se hoë graad ingevoerde Groente en Blomsade is gekweek en gradeer om tevredenheid te verseker. Beplan nou u saaiprogram vir Najaar- en Winter-oeste. Suikersoet Nanteswortels 2/- per ons, 20/- per lb. Kool, Blomkool, Bone, Suikermielies ens.
Blomtuin: Ridderspoor, Skotse Gousblom, Pronkerte, Vilette (Stocks), Papawers, ens. Ons pryslyste sal u oortuig van redelikheid en super-gehalte. HERHOLDT se SAADAFDELING, Posbus 660, Johannesburg. (Foon 1, Eikenhof.) 27/11/2(A)

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

**VRUGTEBOME,** Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar . . . die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. HERHOLDT se BOOMKWEKERY, Posbus 660, Johannesburg. AA/27/Tk

## GEMENG

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**ELEKTRESO (Edms.) Bpk.** elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs, Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

**ELEKTRIESE WARE.** — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

## HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

## HORLOSIEMAKERS

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69.) Foon 2-5454.

Vir horlosiereparasies spreek **STEYN en SWART,** Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL,** Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## KENNISGEWING

**BOERE** en Afrikaners kom geniet 'n lekker dag by Oom Martin Schoeman se plaas (Schoemanshof) op Saterdag, 30 November, vanaf 10 v.m.
Heerlike braaivleis, wors, sosaties ens. en alles wat lekker is ! !
Volkspele in die aand ! ! 27/11/1B

## KLEREMAKERS

**STEYN en SWART,** voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

**REBELLE IN GRIEKELAND:** Die gewapende rebellebendes in Griekeland is besig om vordering te maak. Hulle het feitelik reeds volle beheer oor Wes-Macedonië waar hulle sowat honderd dorpies onder hulle beheer het. Griekse soldate en grofgeskut word teen die rebelle gebruik.

## MISSTOWWE

**KARROO KRAALMIS MEEL:** Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

## TE KOOP AANGEBIED

**FERWEELPAK.** — Driestuk ferweelpak (klapbroek) vir man van ongeveer 5vt. 11dm. hoog. Min gebruik en kan nog leeftyd hou. Ideaal vir feeste of laertrekke. Prys £7-10-0. Ses volt PYE draadloostoestel, 7 lampies, tafelmodel. Prys £30. Ses volt Windlaaier, swaaistert-rem-tipe. Prys £5. „Dux" grasperksnyer, 12dm. lem, in goeie werkende toestand. Prys £1. Tweedehandse baba-speelhok met telraampie. Prys 10/-. Vraggeld ekstra. Aandele: Oostelike Winkels, V.V.M., Volkskas en Perskor. Besonderhede op aanvraag. — P. WOLMARANS, Karreedouw. 27/11/2B

**HONDJIES.** — Mooi koringrooi rifrug-leeuhondjies, 3 maande oud en jonger, geregistreerd met uitstekende stamregister. Ouers pragtig, groot en sterk gebou met volmaakte riwwe. Gesond en vet. Beveilig u huis! Teefies £5-5-0.—J. KEMP VORSTER, L'idéal, P.K. Motkop, K.P. 20/11/2B

**JUKSKEIE.** — Kopskeie 4/6, bottelskeie 3/9, agkantige skeie 5/- per paar. — KOOS BOTHA, P/S Serpentine, Dist. George. 27/11/4 27/11/4

**SOUT.** — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, vry gelaai soutwerke. Adres: MEV. MARTIE VENTER, Possak No. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 6/11/TK

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER. Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

**SPANPAALTJIES** (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Brandhout op aanvraag. Gelewer Wolseleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolseley. Foon 24. 48877/52

**VUURMAAKHOUT.** — Beste gehalte swart-wattle vuurmaakhout ongeveer 9 dm. lank gesaag teen £9 per E.S.-trok. V.O.S. Mohne of Stutterheim Stasie.— J. A. N. Cloete, Bus 54, Stutterheim. 30/10/4B

Een eersteklas tentkar met goeie tuie, £55; Een „Canadian Wonder" drieskaar-ploeg, £15; Een Skotskar in goeie kondisie, £15; Een roomafskeier — bak kan 2 gellings neem, £7; Een vleisvaatjie, 15/-. Gelewer te Afrikaskop-stasie of verkrygbaar en op sig by R. OOSTHUIZEN, Kestell. 13/11/10

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

**TRANSPORTKONTRAK.** — Enigeen wat 'n Transportkontrak het om te verkoop, tree in verbinding met M. NOOME, P/sak Union, Elliott. Dadelik asseblief. Aanbevelings sal welkom wees. 27/11/1B

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## WYNE

**KERSFEESKISSIE.** — Bespreek dadelik u Kersfeesbestellings. Kissie No. 4: 3 Bottels B.B., 3 Bottels F.C. Brandewyn en 6 Bottels Wyn vir 62/3. Spoorvrag betaald na enige stasie in Unie. Stuur kissie en bottels terug en u kry 4/6. Terme kontant met bestelling of K.B.A. — BRINK BROS. BEPERK, Montagu. 6/11/4

## WYNE EN BRANDEWYN

**TWAALF BOTTELS** Spesiale Reserwe Uitvoerbrandewyn teen 100/-.

**VYF GELLING** Wit of Rooi Muscadel Likeurwyn £2-17-6; anker £4-6-3; 5 gelling Rooi of Wit Muskadel, Jeripiko of beste ou Port £2-7-6; anker £3-11-3; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2-5-0; anker £3-7-6; 5 gelling Wit of Rooi Malmsey £2-2-6; anker £3-3-9; 5 gelling Rooi Half Soet Muskadel £2; anker £3; 5 gelling Worcester Hock of Soet Sjerrie £2; anker £3. Gelewer Bonnievalestasie. Vaatjies moet teruggestuur word. Beste kwaliteit gewaarborg. Kontant of K.B.A. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale.

# DUITSER VLIEG 1000 M.P. UUR

Veertig Duitse vuurpyldeskundiges is tans besig om in Brittanje navorsing oor vuurpyle aan Britse navorsingstasies te doen. Hulle is spesiaal deur die Britte uit Duitsland gebring om die stryd in die ontwikkeling van moderne vuurpylwapens vir Engeland te wen omdat Britse deskundiges nie oor die nodige kennis beskik nie. Vyftien verdere Duitse deskundiges sal binnekort in Engeland aankom.

Die Duitse deskundiges sal alle soorte vuurpyl-navorsing onderneem. Omdat daar nie die nodige apparate in Engeland is nie, sal die apparate wat hulle in Duitsland gebruik het van die Duitse navorsingstasies na Engeland oorgebring word.

Jurgen Diedriechsen, 'n 32-jarige Duitse wetenskaplike, het verklaar dat hy en sy kollegas hulle daarop sal toelê om die planne waarmee hulle by Kiel besig was, te voltooi. **Hulle was destyds besig met 'n vuurpylvliegtuig en het reeds daarin geslaag om so 'n vliegtuig 30,000 voet in die lug teen 'n snelheid van 1,000 myl op te stuur. Die loods van hierdie vliegtuig het 'n spesiale suurstof-apparaat tot sy beskikking gehad.**

# RUSSE DRUK HUL STEMPEL AF OP DUITSE KINDERS

**Alle godsdiensonderrig is uit die Duitse skole in die Russies-besette deel van Duitsland geban sedert die skole vanaf September op uitsluitlik Russiese lees geskoei is.** Dit het geskied as gevolg van 'n Russiese dekreet. Die tradisionele karakter van die Duitse skole is hiermee op die agtergrond geskuif. Alle Christelike invloede word uit die skole geweer en die kinders word in die materialistiese idees van die kommunisme opgevoed. Wetenskap neem 'n belangrike plek in die nuwe leerplan in. Vanaf die vierde jaar in die skool is die leer van die Russiese taal verpligtend. 'n Addisionele vreemde taal word later gedurende die skooljare aangeleer.

# JODE BREI HUL TERREUR UIT NA ENGELAND

As gevolg van die dreigement van die Joodse terroriste dat hulle ook teen die Britte in Engeland sal optree, het die Britse owerheid voorsorgmaatreëls getref om die lewe van die Britse koning en die kabinetsministers te beveilig. Die bewegings van veldm. Montgommery sal ook geheim gehou word omdat sy naam genoem is in een van die Joodse dreigemente.

Die Britse speurdiens het na bewering reeds 'n Jood wat by Liverpool aan wal gestap het, in hegtenis geneem. Dit word gemeen dat hy een van die lede van die terreurbende is wat 'n aanslag op die lewens van Britse leiers wil maak.

**VALS NOTE IN OMLOOP:** Daar is op die oomblik 'n aantal vervalste note in Suid-Afrika in omloop. Die vervalste note is 'n goeie weergawe van die gewone £1-noot. Die bank het tot dusver nog geen amptelike waarskuwing tot die publiek gerig nie.

Die note kan uitgeken word omdat die papier van swakker gehalte is en die kop van Jan van Riebeeck nie op die noot verskyn nie. Persone wat sodanige note in die hande kry moet met die polisie in verbinding tree.

# KOMMUNISTE VOOR DIE HOF

Agt van die vernaamste lede van die Kommunistiese Party waaronder twee naturelle, het in die Kaapstadse magistraatshof verskyn op aanklag van die misdaad van oproer of sedisie. Hulle is almal lede van die uitvoerende raad van die hoofbestuur van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika. Die saak is uitgestel tot 6 Januarie wanneer die beskuldigdes wat elk op 'n borgtog van £200 vrygelaat is, in Johannesburg sal verskyn. Geen getuienis is afgelê nie.

Die beskuldigdes is: dr. J. Simons; mev. Betty Sacks, redaktrise van die kommunistiese orgaan, The Guardian; F. Carneson; I. O. Horvitch; L. S. Phillips; Moses Kotane, algemene sekretaris van die party; adv. Harry Snitcher, en W. H. Andrews, Uniale voorsitter van die Kommuniste in S.A.

# NOODLOTTIG

Die strategiese ligging van Suid-Afrika en die rol wat die Unie gedurende die oorlog gespeel het om Engeland te beskerm, is in die Britse laerhuis opgehaal gedurende die besprekings oor Ryksverdediging verlede week in Londen.

**„Wat sou die posisie van Brittanje en die Britse Ryk in die afgelope oorlog gewees het indien Suid-Afrika besluit het om onsydig te bly, soos hy kon gehandel het onder die Statuut van Westminster?", het visie-Adm. Taylor gevra. „Die Middellandse See was vir ons gesluit en die Suezkanaal vol myne gelê. Wat sou die posisie van al ons magte, van Indië, Australië en Nu-Zeeland gewees het? Dit sou absoluut noodlottig gewees het," het hy verklaar.**

**ITALIANERS GAAN TERUG:** 'n Groot aantal Italiaanse krygsgevangenes wat in Suid-Afrika vertoef, sal binnekort na hul vaderland terug gestuur word. Almal wat nog buite die kampe verkeer moet voor 15 Des. in die kampe terug wees.

## VERJAARDAGKETTING

**Van begin 1947 sal die name van slegs die kinders wat hulle sedert hulle vorige verjaardag weer as lede van die Verjaardagketting laat registreer het, geplaas word. 'n Registrasiefooi van 3d. moet elke naam vergesel.**

28 NOVEMBER: Hilda Kirschbawm, Eppingtuindorp; Aletta Nel, Aughrabies; Andries van Rensburg, Beaufort-Wes; Lily Hamman, Hugenoot; Wilhelmina Boshoff, Philippolis; Betsie du Plessis, Utrecht; Willem Coetzee, Boons; Catrina Botes, Parys.

29 NOV.: Danie Geldenhuys, Stellenbosch; Ellena Erasmus, Merweville; Maria van Aswegen, Wilgenhoutsdrift; Petrus van Jaarsveld, Mosselbaai; Helena Gunter, Noorder-Paarl; Betsie du Toit, Wellington; Elizabeth Dreigh, Durbanville; Johannes van Tonder, Vryburg; Ignatius Maas, Wesselbron; Hermanus Steyn, Frankfort; Petro Kilian, Middelburg; Susara Eloff, Matooster; Aletta Engelbrecht, Groot-Marico.

30 NOV.: Georgina Krause, Kirkwood; Jacoba Joubert, Rietvlei.

1 DES.: Bianca Vivier, Beaufort-Wes; Susanna Smit, Malmesbury; Dan du Toit, Wellington; Johannes Strauss, Daljosaphat; Christiaan Botha, George; Susan Smit, Malmesbury; Danilla Smit, Bellville; Rina Taljaard, Goodwood; Gerhardus Greyling, Frankfort; Betsie de Villiers, Rustenburg; Francina van Wyk, Mooinooi; Stephanus Pretorius, Boshoop; Gert Snyman, Koedoeskop.

2 DES.: Willem Swanepoel, Beaufort-Wes; Hulda Bezuidenhout, Bellville; Johanna van der Merwe, Wellington; Sally Zeeman, Parow; Hester Louw, Fraserburg; Cornelia van Eeden, Stellenbosch; Jacoba Coetzee, Beaufort-Wes; Ena van Rhyn, Kuilsrivier; Charel Kruger, Luckhoff; Love Kapp, Glenroy; Willem Kruger, Havana.

3 DES.: Lidia du Preez, Kirkwood; C. van Zyl, Alheit; Christoffel Piek, Kaapstad; Catharina Smit, Wilgenhoutsdrift; Dina Briedenhann, Boskuil; Johan van Heerden, Boshoek; Petronella van Heerden, Boshoek.

4 DES.: Jannie Stander, George; Alex Westraadt, George; Hendrik Myburgh, Merweville; Aletta du Plessis, Maitland; Willem Jooste, Loxton; Sylvia Dowrie, Woodstock; Elizabeth de Bruyn, Aliwal-Noord; Adriaan Bezuidenhout, Kroonstad; Elizabeth Claassen, Bothaville; Magdalena van der Merwe, Boskuil; Jacobus le Roux, Potchefstroom; Mieta Kruger, Johannesburg.

## *Vir Die Vroue*

# Die Bekoring van Prente

***Prente sluit in skilderye, portrette, etse en tekeninge wat ons gewoonlik teen mure hang om 'n kamer te versier. In die meeste huise is prente die belangrikste bykomstighede wat gebruik word en dra dit geweldig baie by om 'n gewensde atmosfeer te skep.***

Alle mense reageer nie eners teenoor kunsstukke nie: dieselfde stuk sal een persoon aantrek en 'n ander afstoot. Hoewel alles dus nie vir u mooi sal wees nie moet u tog probeer om die kunswaarde daarvan te verstaan. Vir my persoonlike omgewing kies ek daardie stuk wat aan my die meeste genot verskaf en waarmee ek graag wil saamleef. Tegelykertyd probeer ek egter my smaak ontwikkel sodat wat vir my mooi is ook kunswaarde het en die moeite werd is om van te hou: 'en dit beteken glad nie noodwendig hoë pryse nie!

**Prente waarmee ons saamleef en waarna ons gedurig kyk het 'n baie groot invloed op ons hoewel ons miskien onbewus daarvan is. Daarby word prente gewoonlik aangekoop om permanent diens te gee: met verloop van tyd verander u die meubels en gordyne in 'n kamer maar die prente bly. Tensy u werklik 'n innerlike genot ondervind wanneer u na 'n prent kyk, sal dit u baie gou verveel.**

### *Hoekom Koop Ons Prente?*

Gewoonlik is die onderwerp van 'n prent die bekoring daarvan. Dis miskien 'n bepaalde Bosveldtoneel, rotsagtige berge, die see, 'n stillewe of mense met interessante gelaatstrekke. Soms egter is die kleur van 'n bepaalde prent sy grootste aantreklikheid of dit nou die sagte, pastelkleurige werke van sommige van ons kunstenaars is of die helder, donker, meer definitiewe kleure van 'n ander kunstenaar. Heel dikwels sal 'n persoon 'n prent kies net om die werk van 'n bepaalde kunstenaar in sy besit te hê.

**Die meeste van ons huise het glad te veel prente en glad te min wat werklik die moeite werd is. Koop liewer minder prente en laat dié wat u besit van 'n goeie kwaliteit wees. U kan vandag goeie afdrukke van meesterstukke teen 'n redelike prys aanskaf. Oorspronklike werke van lewende kunstenaars is ook nie onbetaalbaar nie en dis regtig die moeite werd om een of twee oorspronklike stukke te probeer aanskaf: dis 'n ware innerlike genot om met goeie prente te leef en as u oorspronklike werke aanskaf sal dit ook 'n aansporing vir ons Afrikaanse kunstenaars wees.**

Waak teen oorvol mure. 'n Paar goeie stukke in 'n vertrek, gehang op die regte plek, is mooier en getuig van beter smaak as 'n muur wat so vol is dat dit jou verwar: mens weet nie waar om eerste te kyk nie en daar word nie die blywende indruk by die toeskouer gelaat soos wanneer een prent op 'n geskikte plek dadelik sy aandag trek nie. Dikwels is daar 'n kosbare stuk in 'n versameling maar minderwaardiges in die onmiddellike nabyheid verberg sy waarde.

**Waak ook teen 'n oormatige hoeveelheid familieportrette en ander groepfotos waarmee mens tog later so opgeskeep kan wees.**

### *Die Prent en Die Kamer*

By die aankoop van 'n prent moet u definitief in gedagte hou waar dit gaan hang. Daar is so baie soorte goeie prente vandag dat u met min moeite een sal kan kry wat plesier sal gee en tog geskik is vir die omgewing waarin u dit wil gebruik.

**Natuurlik kan u nie enige prent in enige kamer hang nie. Die prent se grootte moet in verhouding wees met die grootte van die kamer. Dit het al dikwels gebeur dat iemand 'n pragtige skildery by 'n uitstalling sien en dit dan koop om later tot die ontnugtering te kom dat wat mooi is in die vertoonsaal glad nie so mooi is in die sitkamer nie. 'n Groot prent moet op 'n afstand gesien word om waardeer te word.**

Die prent moet pas by die hele atmosfeer van die kamer, of omgekeerd, die atmosfeer van die prent skep 'n bepaalde atmosfeer in die kamer.

Daar behoort nie persoonlike portrette, b.v. familie- of trougroepe te hang in dié vertrekke van die huis waar vreemdelinge kom nie. In die ingangsportaal en sitkamer hang ons verkieslik prente met 'n algemene belangstelling, b.v. 'n natuurtoneel of stillewe. Dit geld ook vir die eetkamer — as die hele atmosfeer van die huis dit toelaat is prente met 'n godsdienstige strekking nie onvanpas in die eetkamer nie. In die spaarkamer ontvang u ook gaste van verskillende soorte en selfs hier is persoonlike prente nie die regte keuse nie.

**„Maar waar mag ek dan my persoonlike prente hang?" sal u vra. In u slaapkamer. Hier hang u ook enigiets anders waarin u persoonlik belangstel, maar waak teen oorvol mure!** In jou slaapkamer wil mens graag bo alles 'n rustige atmosfeer skep, want hier wil jy ontspan — dis vermoeiend en verwarrend vir die oog om gedurig teen 'n oorvol muur vas te kyk. In 'n studeerkamer is persoonlike portrette ook nie onvanpas nie.

En wat hang u in u kinders se kamer? Prente waarmee kinders groot word het so 'n groot invloed op hulle smaak en ontwikkeling. **Vermy tog pap, sentimentele prente.** Dis 'n goeie plan om kinders kans te gee om self prente vir hul kamer uit te soek en hulle keuse kan dan gelei word deur 'n verstandige ouer. Of laat hulself kies uit 'n versameling goeies. Daar is afdrukke van goeie werke wat vir 'n kind 'n groot bekoring het. Dink maar aan die skildery van 'n seuntjie in sy blou mondering deur 'n bekende Engelse kunstenaar.

### *Hoe Hang U Prente?*

Prente vertoon beste teen 'n neutrale agtergrond. Waterverf in 'n neutrale skakering of effekleurige muurpapier is geskik — 'n fyn, onooglopende ontwerp in muurpapier is nog toelaatbaar maar prente vertoon definitief oordadig teen 'n muurpapier met 'n groot, duidelike ontwerp. Teen so 'n muur sal 'n spieël of eenvoudige effekleurige stuk tapeserie 'n baie smaakvolle versiering wees as prente.

Prente behoort mekaar te balanseer sodat die voorkoms van die muur gebalanseerd is. Prente verskil in waarde deurdat hul grootte en kleurwaarde verskil en 'n muur moet balanseer weerskante van die middellyn.

Sorg verder dat daar genoeg muuroppervlakte rondom 'n prent is dat mens dit kan waardeer. Groepeer kleiner prente bymekaar om 'n eenheid te vorm liewer as om hul rond en bont oor die muur te hang. 'n Prent behoort te hang sodat die middelpunt van belangstelling daarin omtrent op ooghoogte kom. Ons prente hang gewoonlik te hoog en onwillekeurig word die oog dan na die plafon gelei — baie groot prente en skilderye word egter soms hoog gehang om van 'n afstand gesien te kan word.

### *Onsigbare Drade*

Prente vertoon gewoonlik mooier as hul plat teen die muur hang en nie vooroor nie. U kan dit bewerkstellig deur die ogies vir die draad taamlik hoog vas te draai.

**As dit enigsins moontlik is moenie toelaat dat die draad van 'n prent wys nie. Dit maak 'n baie mooier vertoning as die muuroppervlakte nie gebreek hoef te word deur prentedrade nie.** Buitendien lei die draad die oog weg van die prent, veral waar dit 'n driehoek vorm met die boonste rant van die prent. As u egter ontsien om die muur te beskadig en tog van sigbare drade gebruik maak, moet dit liewer twee parallel-drade wees. Neem een stuk draad die gewenste lengte, steek deur albei die ogies agter die prent en nou kom elke punt van die draad aan sy eie prentehaak.

**U moet uself afvra of elke prent in 'n kamer werklik bydra tot die aantreklikheid van die vertrek en of dit werklik onmisbaar is: indien nie, verwyder dit. Daar is min maniere waarop 'n persoon haar smaak en persoonlikheid so aan die wêreld toon as deur haar keuse van prente en ander dekoratiewe bykomstighede in 'n kamer en dis daarom onregverdig teenoor uself om prente aan u mure te hou wat nie die moeite werd is nie.**

# *Die Koning Sal Die Voorreg Hê . . . !*

Op die Rand, waar die H.N.P. die stadsraadverkiesings op strenge partylyne geveg het en waar hulle selfs die aangebode samewerking van ander groepe botweg van die hand gewys het, soos in die geval van Benoni, het hulle 'n gevoelige nederlaag gely en is die Verenigde Party met 'n absolute meerderheid bo alle ander aan die mag.

In Pretoria, daarenteen, het geen partykandidate (behalwe die Arbeiders) gestaan nie en het die Afrikaners in die „Federasie" bymekaar gestaan. Die gevolg hiervan is dat die Federasie net so sterk as die ander seksie uitgekom het en dat die burgemeester uit die Federasie se geledere kom. Hy is mnr. D. P. van Heerden, 'n oud-geïnterneerde uit Koffiefontein.

In die hoofstad van die Unie het 'n republikein wat weens sy oortuiging in die konsentrasiekamp moes beland, die hoogste sportjie behaal.

**Aanstaande jaar sal die koning, wanneer hy deur die burgemeester van die hoofstad ontvang word, die voorreg hê wat hy seker nêrens anders in die land sal kry nie . . . naamlik om 'n Afrikaner te ontmoet wat in die koning se naam in die konsentrasiekamp gesmyt is, sonder aanklag en sonder verhoor.**

Danksy die feit dat die Afrikaners van Pretoria weet hoe om saam te werk.

## RUS VERSWYG EIE AANDEEL

Molotof, Russiese Minister van buitelandse sake het verlede week op die politieke komitee van die V.V.O. beswaar aangeteken teen die aanwesigheid van Geallieerde soldate in nie-vyandelike lande. Hy het verklaar dat dit van groot politieke belang is. Met die hulp van hierdie soldate, het hy gesê, word daar in die binnelandse aangeleenthede ingemeng. Hy het dit teen die Britse en Amerikaanse soldate in nie-vyandelike lande gehad. Die troepe en lugbasisse van hierdie lande is nog oor die hele wêreld versprei, het hy gesê.

Hy het egter vergeet om te vertel dat daar vandag 1,936,000 Russiese troepe buite Rusland is teenoor 689,200 soldate van Amerika en 915,000 van Brittanje en dat daar in China — 'n nie-vyandelike land — 75,000 Russiese troepe is teenoor 29,000 van die Amerikaners.

## BOTTELNEK IN HAWE

Goedere ter waarde van £500,000 waaronder graan, hout en talle ander handelsartikels, wat 'n gesamentlike gewig van 40,000 ton bedra, lê tans in die Kaapstadse hawe en wag op vervoer. Dit is egter nie moontlik om al hierdie goedere binne afsienbare tyd te vervoer nie as gevolg van die bottelnek wat ontstaan het weens die tekort aan trokke. Intussen wag handelaars en hul kliënte ongeduldig daarvoor. Volgens 'n verklaring van die spoorweë doen hulle alles in hul vermoë, maar is hulle nie in staat om al die goedere te vervoer nie.

Om die toestand te vererg word daar binne die volgende week sowat 15 tot 20 skepe met voorrade in die hawe verwag.

Die meeste van die trokke word tans gebruik vir die vervoer van die graan.

## *Nog 'n Party*

Daar is sprake dat mnr. W. B. Madeley, L.V., oud-leier van die S.A. Arbeidersparty en sommige ander voormalige leiers van die party voornemens is om 'n nuwe party te stig.

Die nuwe party sal hoofsaaklik van die huidige Arbeidersparty verskil ten opsigte van die kleurbeleid. Mnr. Madeley se standpunt in verband met die Indiërvraagstuk is bekend.

In politieke kringe word verklaar dat mnr. Madeley se voorgenome stap 'n heeltemal nuwe situasie in die groot stede kan laat ontstaan.

Sonder die Madeley-rem is dit baie waarskynlik dat die huidige Arbeidersparty, onder aandrywing van sy voorsitster, mev. Jessie McPherson, die loop kan neem in 'n uiterste linkse rigting, wat hom dan die onbetwiste ouboet van die S.A. Kommunistiese Party sal maak.


Gebruik „DIE O.B."

om u vriende met Kersfees geluk te wens

„DIE O.B." van 18 Desember sal u Kers- en Nuwejaarsgroete aan u vriende oor die lengte en breedte van Suid-Afrika bring. Die koste is slegs 3s. vir 24 woorde of minder; 1d. vir elke addisionele woord

***Vul onderstaande koepon dadelik in en pos dit vroegtydig.***
***SLUITINGSDATUM 10 DESEMBER.***

*Aan VOORSLAG (EDMS.) BPK.,*
*Posbus 28, STELLENBOSCH.*

*Geliewe onderstaande Kersgroete in „Die O.B." van 18 Desember te plaas, waarvoor ek poswissel/tjek van ............ insluit.*

.................................................................

.................................................................

.................................................................

.................................................................

Naam .................................................................

Adres .................................................................

# Amerikaanse Nywerheid Lamgelê

Die Amerikaanse nywerheidspols het opnuut verlede week vir die soveelste keer vanjaar tot stilstand gekom toe 400,000 Amerikaanse sagtesteenkool-werkers op las van die president van die United Mineworkers' Union, John L. Lewis geweier het om verder te werk. In die vier vernaamste steenkool-produserende state van Amerika word feitlik honderd persent gestaak. Reeds drie dae voor die bepaalde tyd het die werkers hul werk verlaat.

Die geskil ontstaan uit 'n eis van Lewis dat die regering 'n nuwe kontrak met die United Mineworkers' Union aangaan. Hy het verklaar dat die regering die bestaande kontrak verbreek het deur 'n onjuiste interpretasie aan die kontrak te gee.

Omdat hy geweier het om die hofbevel te gehoorsaam, nl. om die staking af te las en die kontrak met die regering nie te beëindig nie, is Lewis verlede Maandag voor die hof gedaag. Die staking is volgens die Amerikaanse regering in stryd met die kontrak. Die staking is ook onwettig onder die Arbeidswet wat 'n verbod plaas op stakings in ondernemings wat deur die staat beheer word. Lewis is onderhewig aan 'n boete van £1,000, 'n jaar tronkstraf, of albei.

Sapa berig dat al die Vakbonde hul steun aan Lewis toegesê het. Die gevaar van 'n algehele staking, waarby die V.S.A. se 15,000,000 vakbondlede betrokke sal wees, hang gevolglik net af van die wyse waarop die Truman-bewind vir Lewis gaan hanteer.

## GEVOLGE

Die staking het ten gevolg dat die steenkooltoevoer na die Europese lande, waar reeds 'n ernstige tekort ondervind word, dadelik afgesny is. Dit gebeur op die mees kritieke tydstip van die jaar. Dit sal ook die voedselverskeping tref en kan aanleiding gee tot 'n wêreldhonger-krisis in die voorjaar van 1947. Die staking is 'n ontsettende ramp vir die verhongerde Europese volke.

Die steenkoolvure van die Amerikaanse staalnywerheid is deur die staking uitgedoof en die staalproduksie het onmiddellik gedaal. Dit tref elke Amerikaanse nywerheid en die produksie van motors is reeds aansienlik ingekort.

Arbeiders van ander myne wat nie onder die kontrak van die sagtesteenkool-werkers val nie, het reeds begin staak uit simpatie met hul mede-werkers.

Amerikaanse troepe staan gereed in die steenkoolgebied vir enige gebeurlikheid.

## STORM BARS LOS OOR INDIËR-VRAAGSTUK

Die klag van Indië oor die behandeling van Indiërs in Suid-Afrika is verlede week deur genl. J. C. Smuts voor 'n gesamentlike sitting van die regs- en politieke komitees van die V.V.O. behandel. Hy het geantwoord op die aanklag teen die Unie en gewys op die gevaarlike presedent wat geskep word indien die V.V.O. hom met die huishoudelike sake van lede-state inmeng. Hy het versoek dat die mening van 'n internasionale hof oor die saak ingewin word.

Die toespraak van genl. Smuts het 'n aanval van die kant van Indië, China, Joego-Slawië, Wit-Rusland, Egipte, Persië en die Ukraïne oor sy kop laat losbars. Dit is beskryf as een van die bitterste aanvalle wat nog ooit op 'n lid van die V.V.O. gedoen is.

# Die Transvaler Berispe Adv. Strydom?

In die hoofartikel van Die Transvaler van 16 November lees ons:

„Daar is nog altyd sekere blankes in die Unie gewees wat verklaar het dat Rusland geen belangstelling vir Afrika het nie en dat die Kommunisme derhalwe nie hier 'n bedreiging kan word nie."

Verder trek die blad dan (o.i. tereg) teen sulke siende blindes te velde.

**Wat die artikel egter besondere betekenis verleen is die verdere feit dat dit juis die medeleier van die blad se party (en mede-direkteur van die blad self), nl. mnr. J. G. Strydom was wat openlik en orals verklaar het dat Rusland niks met Suid-Afrika te doen kan hê nie en dat kommunisme derhalwe geen gevaar is nie. Die Ossewabrandwag wil net „knopkierie- en piksteel-kommando's" stig wat tot burgeroorlog kan lei, het hy verklaar na aanleiding van die O.B.-leier se wenk om afweergroepe teen die kommuniste te stig.**

Mnr. Strydom het (volgens Die Burger) verklaar:

**„Die gevaar van kommunisme vir Suid-Afrika lê nie daarin dat Rusland sy ideologie hier op ons kan afdwing nie." Hy het bygevoeg dat niks hier kan ontwikkel wat die polisie nie kan hanteer nie.**

**„Dit is dus nie nodig om knopkierie- en piksteelkommando's te stig om ons daarteen te beskerm nie," het mnr. Strydom destyds gesê.**

# Toekenning Van Dranklisensies Gekritiseer

**Skerp kritiek op die huidige metode van uitreiking van dranklisensies omdat dit monopolie in die hand werk en klein-onderneming ondermyn, is deur gesaghebbendes teenoor Die O.B. uitgespreek. Die metode van uitreiking gee aanleiding tot die bestendiging van hoë pryse in die drankhandel en winste vir die middelman terwyl die produsent met 'n skrale vergoeding in verhouding tevrede moet wees.**

Hierdie beswaar is ook geopper op die landboukongres van die Suidwestelike Distrikte-Landbou-unie wat onlangs op Montagu gehou is.

Navraag wat deur Die O.B. gedoen is, toon dat dit die beleid van die dranklisensierade is om die aantal lisensies wat hulle uitreik, tot 'n minimum te beperk omdat hulle van mening is dat dit dronkenskap teenwerk. Gesaghebbendes is egter van mening dat dit nie die bedoelde uitwerking het nie maar dat dit slegs vrye mededinging uitskakel en aanleiding gee tot die vorming van kapitaalkragtige monopolies.

**Aan Die O.B. is verklaar dat die vasstelling van die pryse van sopies op 'n verkeerde grondslag berus. So ontvang die boer gemiddeld vir sekere soorte brandewyn 10d. per bottel terwyl die man in die kantien 10 pennies vir 'n sopie moet betaal. Dit beteken dat die middelman, die gelukkige aan wie die dranklisensie toegeken is, ongeveer 'n wins van 2,000 persent maak.**

## VREEMDELINGE

Dit is opvallend, word verklaar, dat die meeste van die distribusiehandel in drank in die hande van vreemdelinge en nie-Afrikaners is nie. Dit word toegeskryf aan die beleid van die dranklisensierade en aan die ingebore afkeer wat die Afrikaner het vir die misbruik van drank.

**Dit is die amptelike beleid van die regering om alle lede van die O.B. uit die dranklisensierade te weer. In 'n omsendbrief aan die rade, word beklemtoon dat dit die beleid van die regering is om sodanige benoemings nie goed te keur nie.**

Ook dit dui op die skepping van 'n monopolie vir sekere elemente waar hulle vrylik kan beweeg sonder mededinging van andere.

## DEPORTASIE-KOMMISSIE VERDAAG

Die Deportasie-kommissie waarvan regter De Villiers voorsitter is, het verlede week sy werksaamhede in Kaapstad beëindig. Die besluite van die kommissie sal deur die Departement van Binnelandse Sake bekend gemaak word.

# Duitsers Losgelaat

**Teen die einde van hierdie jaar sal al die Duitsers wat nog in die Baviaanspoortse Interneringskamp sit, uit die kamp gelaat word. Die owerheid het besluit om die ongeveer 500 Duitsers wat nog daar aangehou word toe te laat om sonder vergoeding by goedgekeurde boere te werk. Hierdie Duitsers is hoofsaaklik matrose en bemannings van die duikbootpersoneel. Na verneem word, sal hulle toegelaat word om by die boere te werk tot daar geleentheid is om hulle na hulle vaderland terug te stuur. Sommige van hierdie Duitsers sit reeds sedert 1940 in die kamp.**

In Engeland, waar daar nog sowat 160,000 Duitse krygsgevangenes is wat as slawe-arbeiders deur die Britse regering gebruik word, word die Duitsers een-en-'n-half pennie per uur betaal, maar die Engelse boere vir wie die Duitsers moet werk, moet 'n volle tarief aan die Britse regering betaal vir die voorreg om van die Duitse arbeid gebruik te maak.

In Suid-Afrika word die krygsgevangenes van 'n verowerde volk, nadat die oorlog byna twee jaar gelede beëindig is, toegelaat om uit die kamp te kom en gratis arbeid aan „gekeurde" boere te verrig.

# Regering Gaan Naturelle-Vakbonde Erken

# Mynbedryf Uitgesonderd

**Die regering het besluit om nie erkenning te verleen aan vakbonde van naturelle-mynwerkers nie. Daar is egter heelwat werk gedoen aan die opstel van wetgewing wat erkenning sal verleen aan sekere naturelle-vakbonde. Sodanige wetgewing sal binnekort ingedien word, het mnr. J. H. Hofmeyr verlede week op 'n vergadering van die Verteenwoordigende Naturelleraad verklaar. Hy het die raad geantwoord op hulle versoek dat die wetgewing wat net op nie-blankes van toepassing is, herroep word.**

Die besluit om nie voorsiening te maak vir die erkenning van vakbonde vir naturelle-mynwerkers nie, geskied met die oog op spesiale omstandighede en op die aanbeveling van die Lansdown-kommissie. Die regering doen egter stappe om te verseker dat die bestaande middele ter beveiliging van die werkers se welsyn, versterk word, het spr. verklaar.

**Die afwesigheid van geregtelike erkenning van vakbonde vir naturelle het egter nie beteken dat die lone van die naturelle in die nywerheid nie verbeter het nie. Daar was aansienlike verhoging deur regstreekse optrede van die Loonraad.**

Mnr. Hofmeyr het die Raad betig oor hulle onverantwoordelike optrede en besluit op 15 Aug., wat hulle verdaging voorafgegaan het. Die besluit het daarop aangedring dat daar afgesien moet word van diskriminerende wetgewing teen nieblankes in die land.

Die bepalings van die wette wat as diskriminerend beskou word, is gemaak in belang van die naturelle self en om hul belange te beskerm. Hy het verklaar dat die wette nie opgehef sal word nie omdat dit teen die belang van die naturelle sal wees. Ondervinding het getoon dat die naturel nie so ver ontwikkel het dat hy in vrye kompetisie sal kan volhou nie.

## KAMER VAN MYNWESE

Om wanbegrippe uit die weg te ruim het die Transvaalse Kamer van Mynwese 'n verklaring uitgereik waarin die naturelle-beleid van die myne uiteengesit word. Dit het hom sterk uitgespreek teen die erkenning van vakbonde vir naturelle in die goudmyne. Erkenning sou strydig wees met die belange van die naturelle omdat hulle nog nie ver genoeg ontwikkel is nie. Hulle begeer ook geen vakbonde nie. Daarby werk die naturelle net vir 'n kort tydperk van twaalf of dertien maande waarna hulle na die naturelle-gebiede terugkeer. Daar is jaarliks 'n honderd persent omwisseling van naturelle-mynwerkers.

**Indien die stamnaturel gedwing word om aan 'n vorm van organisasie deel te neem waarvan hy geen werklike ervaring het nie, en waarvoor hy nie genoeg ontwikkel is nie, sal hy maklik die slagoffer word van buitebelange — wat dikwels uit politieke beweegredes handel — en wat die naturel se begrip van waardes sal ondermyn en hom los ruk van sy stamverband.**

## UNIFIKASIE VAN DUITSLAND

Die Britse en Amerikaanse verteenwoordigers wat die moontlikheid bespreek het van 'n ekonomiese unifikasie van Duitsland, het 'n groot mate van ooreenkoms bereik betreffende die stelsel van samewerking. Daar bestaan nog verskil oor hoe die koste wat verbonde is aan die samesmelting, verdeel moet word.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.




DIT KOS MINDER EN U LINNE HOU LANGER!

*SPAAR MOEITE en laat Spesialiteite u wasgoed doen*

*• WAS • DROOGSKOONMAAK • KLEUR*

*Adres: Hugenootstasie, Paarl (Goedere halftarief)*

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35 DIE PAARL Foon 214

(1)